# Naamgewing en vernoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Hierdie beleid maak voorsiening vir: 'n stel algemene riglyne wat as 'n breë raamwerk vir besluitneming vir die toekenning van naamregte kan dien. |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 2010/09/13 |
| **Implementeringsdatum:** | 2010/09/13 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Soos nodig |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | |
| **Beleideienaar[1]:** | Uitvoerende Bedryfshoof |
| **Beleidkurator[2]:** | Hoofdirekteur: Finansies |
| **Sleutelwoorde:** | Naamregte, Vernoeming, Naamgewing, Geboue, Lokale, Fasiliteite |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
[2] Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

11. Beleid vir die naamgewing en vernoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite/persele

Soos goedgekeur op die Raadsvergadering van 13 September 2010

**1. INLEIDING**

Die vernoeming van universiteitseiendom is ‘n wêreldwye verskynsel, ter ere van persone, maatskappye, stigtings, ens. wat op een of ander manier ‘n besondere bydrae tot die universiteit, in monetêre terme en andersins, die land, die mensdom of ‘n vakgebied gemaak het. Sommige van die name word spontaan gegee, soos dikwels in die geval by studentehuisvesting. Die aard en omvang van fasiliteite wat vernoem kan word, is wyd uiteenlopend en van ‘n groot omvang, byvoorbeeld geboublokke, lesingsale, seminaarkamers, laboratoriums, raadsale, voorportale, sportvelde, strate, paviljoene, ingange, ens. Dit is onmoontlik om vir alle moontlike gevalle en kontekste – veral dié wat nog in die toekoms lê – voorsiening te maak. Geboue, lokale en ander fasiliteite/persele se name kan net verander of vernoem word indien die riglyne in hierdie beleid gevolg word.

**2. DOEL**

Hierdie beleid maak voorsiening vir:

- ’n stel algemene riglyne wat as ’n breë raamwerk vir besluitneming vir die toekenning van naamregte kan dien;
- gemeenskapsdeelname ten opsigte van die vernoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite/persele (waar doenlik en gepas);
- die erkenning dat name van geboue, lokale en ander fasiliteite/persele onder uitsonderlike omstandighede hersien sou kon word, soos byvoorbeeld op sterkte van beplande verskuiwings, herinrigtings en opgraderings van fasiliteite om ander departemente te vestig ingevolge die Basis Meesterplan;
- die verkryging van kundige insette; en
- die aanstelling van ’n Komitee vir die Naamgewing en Vernoeming van Geboue, Lokale en Ander Fasiliteite/Persele om die Rektor se Bestuurspan (RBS) te adviseer.

**3. RIGLYNE**

3.1 Die Universiteit Stellenbosch (US) is deel van ’n groter gemeenskap. Vernoeming van veral geboue vind dus nie in isolasie van hierdie gemeenskap plaas nie.

3.2 Vernoeming van geboue, lokale en ander fasiliteite/persele moet altyd gedoen word met die veronderstelling dat dit, sover moontlik, tydloos sal wees. Dit impliseer dat alle name ná ’n redelike tydsverloop van sê tien jaar nog betekenis sal hê en dat die besluit dan nog steeds sinvol en verantwoordbaar sal wees.

3.3 Transformasie-inisiatiewe moet nie deur die beleid aan bande gelê word nie.

3.4 Geboue moet sover moontlik beskrywende of funksionele name hê om aanwysings te vergemaklik, bv. Natuurwetenskappegebou.

3.5 Vernoeming na persone dra ŉ bepaalde risiko en moet met groot omsigtigheid hanteer word.

3.6 Vernoeming na maatskappye of kommersiële produkte moet ook met groot omsigtigheid hanteer word sodat die gebruik daarvan nie reputasie- of beeldrisiko's vir US inhou nie.

3.7 Indien die gebou na 'n persoon, maatskappy of produk vernoem word, sal die gebou se naam tipies bestaan uit 'n primêre gedeelte (vernoemde naam) en 'n gepaardgaande sekondêre gedeelte (wat die aanwending daarvan aandui).

3.8 Indien 'n voorstel gemaak word om 'n gebou na 'n spesifieke persoon te vernoem, moet daardie persoon se lewe, werk en/of aktiwiteite van so aard gewees het dat dit die kernwaardes van die US beklemtoon.

3.9 Geboue, lokale en ander fasiliteite/persele kan na maatskappye, besighede of produkte vernoem word indien die betrokke besigheid se geskiedenis en aktiwiteite nie teenstrydig is met die kernwaardes en die visie van die US nie. Wanneer geboue en fasiliteite na besighede vernoem word, moet die konteks waarin die betrokke besigheid se naam in die publiek gebruik word, in ag geneem word. Indien die naam van ŉ besigheid waarna 'n gebou of fasiliteit vernoem is, verander, sal die naam van die gebou of fasiliteit nie verander nie, tensy die RBS besluit dat die naam verander moet word.

3.10 Elke versoek of voorstel vir vernoeming moet op die meriete daarvan beoordeel word en nie slegs op grond daarvan dat die finansiële bydrae 'n spesifieke voorafbepaalde behoefte bevredig nie.

3.11. Wanneer donasies/borgskappe aan die US gemaak word, sal vernoeming van 'n gebou of fasiliteit na die betrokke donateur slegs oorweeg word indien die donasie/borgskap:

3.11.1 in die geval van 'n nuwe gebou of fasiliteit tot minstens 50% van die kostes vir oprigting van die gebou of fasiliteit bydra. Die vernoeming na ŉ donateur/borg van 'n nuwe gebou of fasiliteit, waar 'n groot deel van die koste deur die staat gesubsidieer word, sal per spesifieke geval hanteer word, maar die grootte van die bydrae deur die donateur/borg sal steeds 'n bepalende rol speel; en

3.11.2 in die geval van 'n aanbouing of 'n groot herinrigting van 'n gebou of fasiliteit aan minstens 50% van die koste van die betrokke herinrigting/aanbouing gelykstaande is. By bepaling van die vlak van die bydrae om 'n vernoeming te regverdig, moet in gedagte gehou word dat 'n aanbouing en/of herinrigting gewoonlik goedkoper is as om 'n fasiliteit van nuuts af op te rig.

3.12 Geboue, lokale en ander fasiliteite/persele se name kan net verander word indien die bedryfsprosedure wat uit die beleid voortspruit, gevolg word.

3.13 Vernoemings moet 'n volledige konsultasieroete volg.

3.14 Indien daar ŉ behoefte is om die bewoording van ŉ bestaande plakket in die voorportaal van ŉ gebou te verander of ŉ nuwe plakket aan te bring, moet die betrokke bewoording sover moontlik beperk word tot die geskiedenis en/of gebruik van die gebou en nie bewoording bevat wat vir enige persoon/groep aanstootlik van aard kan wees nie. Die bewoording mag ook nie van so ŉ aard wees dat dit op blatante bevordering of bemarking sal neerkom nie.

3.15 Die uitdruklike voorwaarde is dat die US die reg voorbehou om die name van enige US-geboue, lokale en ander fasiliteite/persele te eniger tyd te heroorweeg, en dat, ná verloop van tien jaar ná die naamgewing van ŉ spesifieke gebou, die naam van daardie gebou heroorweeg moet word.

3.16 Name word, sover prakties moontlik, in Afrikaans, Engels en isiXhosa vertoon.

3.17 ‘n Volledige bedryfsprosedure moet vir die uitvoering van die beleid opgestel en deur die RBS goedgekeur word.

3.18 Die RBS stel ‘n kundige komitee aan om hom oor naamgewing te adviseer. Die komitee het verder die reg tot koöptering van spesifieke kundigheid, na gelang van die betrokke geval, soos historici, regsgeleerdes en die breër gemeenskap.

3.19 Die afhandelingsbevoegdheid vir die vernoeming van lokale, voorportale, lesingsale, seminaarkamers, sportvelde, ens. word na die Rektor gedelegeer, maar vir die vernoeming van geboue word afhandelingsbevoegdheid na die Uitvoerende Komitee van die Raad gedelegeer.